

17 Maart

Skrifgedeelte: Psalm 50

Fokusgedeelte: Psalm 50:14, 15a, 23

Prys die Naam van ons Here!

Asaf besing in Psalm 50 die Here se almag. Hy doen dit in die vorm van 'n hofsitting. Die HERE as *Regter en Aanklaer!* Die volk aan die ander kant as *aangeklaagde*. Ons lees in vers 1 van sy Selfbekendstelling, in vers 2 van sy Godsverskyning en in vers 3 wat Hy as Regter kom doen! Hy kan nie swyg oor sy volk se sondes nie en daarom laat die HERE Homself deur *vuur & storm* hoor (vs. 3). Die *vuur* en die *storm* verwys na die oordeel van die HERE – waarin en waardeur Hy die volk se sondes in hierdie hofsitting aan die lig gaan bring. Met *vuur* gaan Hy dit *weg* verteer en deur die *storm* gaan Hy dit *weg* vee! Hy is *nie* 'n God wat op 'n afstand staan nie! Nee! Hy is 'n Verbondsgod wat nooit van sy verbond sal vergeet nie.

Die doel van hierdie hofsitting lees ons in vers 6: Hy staan gereed om te oordeel! Die saak is gestel. Almal staan gereed. Die Regter is op sy Regterstoel. Die volk (as aangeklaagde) staan voor Hom! Die Regter sê aan die volk: Van buite sien Ek die altare wat sonder ophou rook! Maar van binne ...? 'n Volk wat die *ware godsdiens* verlaat het! Hulle wil die HERE op hulle manier dien! Uiterlik ... pragtig! Innerlik ... liefdeloos, eiewillig en koud! Die HERE waarsku in sy eerste aanklag tot die volk teen 'n formalistiese diens (vs. 8-13)! Teen 'n *vorm-dienaar!* Hy waarsku ook in sy tweede aanklag tot die volk teen 'n *maskerskynheilige-dienaar* (vs. 16-20). Sy leer en sy lewe is twee uiteenlopende paaie! Deur hierdie hofsak laat die Heilige Gees ons deur die spieël sy Woord na binne kyk, na onself! Hoe lyk jou diens aan God? Soos die vorm-dienaar of die masker-dienaar?

Die Regter laat ons nie net na binne kyk nie, maar ook vorentoe, hoe ons Hom in dankbaarheid moet dien! Daar is drie ware dankbaarheidsoffers. Vers 14-15 sê: (a) *Offer dank aan God ...* 'n danklied uit dankbaarheid! Dit is en moet ons begin wees! God vra: *selfverloëning* (Matt. 6:33)! (b) *Betaal jou geloftes ...* om in die geloof op grond van God se genade terug te antwoord! Antwoord uit dankbaarheid vanuit 'n gelofte! God vra: *om jou kruis op te neem!* (c) *... en roep My aan!* Gebed! Die vernaamste deel van ons dankbaarheid! 'n Ware dankgebed! God vra: *om Jesus Christus na te volg!*

God vra 'n drieledige, ware dankbaarheidsoffer! Hy roep ons op grond van Christus se genade! 'n Genaderoop tot bekering! *As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg* (Matt. 16:24).

Sing: Psalm 50 (Totius)

Ds. GJ van der Walt (Vryburg)